



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

25 November 2018

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na
afloop van die erediens saam met
ons 'n koppie tee/koffie
in die saal te geniet.
Kom kuier lekker saam
en leer mekaar ken.



Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 - 7 jaar)



Bybelstudie:

Maandag: Afsluiting

Donderdae 9H00

Dinsdae 9H00: Aan huis van

Lucia Erasmus

Jong volwassenes: Evert & Cherése

*Baie geluk aan almal
wat gedurende Desember en
Januarie verjaar.
Mag elke dag vir julle
vol sonskyn wees!!*

Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!



011 672 3810



Stuur e-pos!

info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Wanneer ons aan Kersfees en die feesseisoen dink, is dit gewoonlik met aangename herinneringe, maar daar is diegene wat baie eensaam is. Ons enigste troos is egter dat Kersfees oor die Koning wat vir ons alles gegee het gaan, Sy enigste Seun, Jesus Christus. Jesus wat gekom het om die wêreld te verlos - om sondaars van 'n ewige verderf te red en daarom loof en prys ons Hom.

Geseënde Kersfees aan elke lidmaat en mag 2019 voorspoedig wees.

Baie liefde Hendrik & Mockie

- Baie geluk aan proponent Herman Coetzee wat beroepbaar gestel is. Ons gebede is dat die Here julle in hierdie tyd van afwagting sal lei.
- Hierdie is die laaste verskyning van die Ligdraer vir 2018.
- Soos elke jaar tevore nooi JC & Heleen Cloete almal om die jaar saam met hulle & vriende met 'n bring en braai (eie drinkgoed, vleis & 'n stoel) af te sluit. Raathstraat 16, Horison, vanaf 16H00 nm. tot laat. Daar sal heerlike appel flappe en oliebolle wees.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ Riaan Venter wie se pa oorlede is. Ons gebede is dat die Here vertroosting sal bring.
- ❖ Frits Harkema wat uit die hospitaal ontslaan is en in 'n versorgingsoord is.
- ❖ Anna Booyen wat uit die hospitaal ontslaan is en tuis aan sterk.
- ❖ Die breëkerkraadsvergadering wat Dinsdagaand om 19H00 nm. gehou sal word.



Neem kennis dat die laaste NAGMAAL vir die jaar op Sondagaand, 2 Desember 2018, om 18H00 nm. sal plaas vind.

Ons jaarlikse **Kersdiens** (Somerkersfees) vind op **9 Desember** om 9H30 vm. plaas. Sal elkeen vir die geleentheid asseblief 'n bordjie eetgoed saambring.

Ons gaan KAMP. Merk solank die datum, 1 - 3 Maart 2019, op julle kalender. Dit gaan, net soos die vorige jare, onvergeetlik wees. Meer inligting sal later volg.

OGGENDDIENS

TEMA: Doen alles sodat elke mens Christus sal ken!

Stemmingsliedere

Lied 199: 1 & 3

Lied 353: 2 & 3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lofsang: Lied 339:1+2

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Wet: Eksodus 20

Skriflesing: Romeine 3: 10 & 20

Ps. 25-2: 4 & 5

Woorddiens

Gebed

Lied 329

Skriflesing: Kolossense 1: 24 - 29

Fokusvers: Kolossense 1: 27

Antwoorddiens

Gebed

Lied 358: 1 - 3

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: Jesus verlos my deur my te verander!

Stemmingsliedere

Lied 493: 4 & 6

Lied 334: 2 & 4

Ontmoetingsdiens

Vo tum & Seëngroet

Lied 464: 3 & 4

Lied 344: 1 & 2

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Handeling 9: 1 - 6

Skriflesing: 1 Timoteus 1: 12 - 17

Fokusvers: 1 Timoteus 1: 15

Antwoorddiens

Gebed

Lied 348: 1 & 2

Groetseën

AMEN

Aandgebed: Lied 354: 1 & 3



Kerstyd is dié ideale tyd om met vriend en vyand die goeie nuus van Jesus te deel. In woord en daad moet ons alles in die stryd werp sodat ander tot *“volwassenheid in Christus”* kan kom.

DIT GAAN NIE ALTYD MAKLIK WEES NIE. Paulus het gely omdat hy alles in die stryd gewerp het om gemeentes te stig wat al hulle geloof hoop en liefde net op Christus gerig het. Hiervan het die bestaande wêreld met al sy valse godsdienste nie gehou nie. Die suiwer evangelie was nog nooit 'n populêre evangelie gewees nie.

DIE EVANGELIE GAAN OOR DIE OOP GEHEIM. Paulus prys die lidmate in Kolosse vir hulle geloof in Christus, ook hulle liefde vir al die gelowiges en hulle hoop op Christus se ewige koninkryk. Maar, hy't ook gehoor van valspredikers wat die gemeente binne gesypel het. Die suiwer evangelie gaan oor die *“geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort”*.

As Paulus hier skryf van 'n geheim, dan skryf hy van 'n fynskrif wat in elke woordjie, elke komma en punt van die OT ingeskryf is, MAAR... waarvan die betekenis eers na 'n spesifieke gebeurtenis raakgelees kan word. Die geheim is oopgemaak die Sondag toe Jesus uit die graf uit die dood opgestaan het, nadat Hy die Vrydag, in die plek van elke uitverkore kind van God, aan die kruis sonde geword en gesterf het. Elkeen wat in Hom glo ontvang die lewe tot in ewigheid.

Deur al die eeue word elke uitverkore kind van God na die kruis geroep om te kom sterf, om heeltemal van jouself ontslae te raak. En om dan saam met Christus op te staan in 'n nuwe lewe, waar dit nie meer ek is wat lewe nie, maar Christus wat in en deur my werk. Verstaan julle hoekom is die goeie nuus van Jesus Christus nog nooit 'n populêre boodskap gewees nie? Dit roep die sondaar tot bekering.

KOM ONS WERP ALLES IN DIE STRYD, *“sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring”*. Veral twee dinge moet ons doen:

Vermaan: Ons moet nie huiwer om mense te wys op die gevaarlike en dodelike verkeerde weg waarop hulle is nie. Natuurlik altyd in liefde. Wees voorbereid dat hulle vir jou gaan vertel dat jy veroordelend is, maar ... jy is liefdeloos as jy iemand by die afgrond laat afval.

Leer: Om langs iemand te gaan sit en vanuit die Bybel hom/haar alles van Jesus Christus te leer, totdat die Gees ook die vlam van hoop in hom/haar laat vlam vat het.

Ons gaan die seisoen van die jaar binne waar byna alles tot stilstand kom. Ons gaan miskien tyd hê om met vriende en familie te kuier. Span jouself in, doen moeite, om met iemand die oop geheim ... Jesus Christus... te deel. Dit gaan nie altyd maklik wees nie. Veral as dit by familie en naby vriende kom, maar doen dit liefdevol en wees bereid om jou kruis te dra. Waak daarteen om die evangelie van Christus af te water sodat mense daarvan sal hou en sodat hulle ongestoord met hulle eie sondige lewens kan aangaan.



VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKGROEPE

Oordink van die Ou Testamentiese tekste wat duidelik van die OOP GEHEIM getuig:

1. Genesis 4:3 & 4 = Hoekom het Kain en Abel offers gebring?
2. Genesis 22:6-8 = Waarop het Abraham sy hoop gevestig?
3. Numeri 24:17-19 = Bileam kan nie die volk Israel vervloek nie, want WIE sien hy in die verte?
4. Job 19:25-27 = Na wie het Job met sy hele hart gesmag?
5. Psalm 16:9 = Hoe kon Dawid geglo het dat hy nie aan die dood oorgegee is nie?
6. Sagaria 3:8-10 = Van watter dag profeteer Sagaria hier?



“MEKAAR” TEKSTE IN DIE BYBEL – deur Henk Kruger

In die Bybel word die teks “mekaar” verskeie kere gemeld om vir die kinders en dissipels van God te beveel wat hulle aan mekaar en vir mekaar moet doen.

1 JOHANNES 4:12

Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

2 JOHANNES 1:5

En nou het ek ’n versoek, geagte vrou. Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar ’n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê.

SAGARIA 7:9

So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar.

JOHANNES 13:34

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

Ons moet onself afvra soos in 1 JOHANNES 4:12, “bly God in ons”? As ons eerlik is dan sal ons beseef dat ons ver te kort skiet en moet ons erken dat dit veel meer verg as wat ons dink. Daarom moet ons daaglik poog om meer en meer liefde aan ons mede broeders en susters te bewys.

In 2 JOHANNES 1:5 rig Paulus die versoek aan 'n vrou. In die konteks van die brief kan hy moontlik verwys na die gemeente. In 2 JOHANNES 1:5 en JOHANNES 13:34 noem Paulus dat ons mekaar moet liefhê as 'n gebod. Dit is dus nie iets wat ons moet doen as en soos ons lus het nie maar dit moet deel wees van ons daaglikse lewe.



DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE 25 November 2018		
Ons Huis	Bettie Voges	072 424 5942
	Nardus van der Walt	082 453 3600
D McDonald	Nardus van der Walt	082 453 3600
Klein Helderkrui	Elize Coetzee	072 490 5402
Ons Huis	Middagdiens 16h45	Tjaart Kruger

DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE 2 Desember 2018		
Ons Huis	Tjaart Kruger	084 581 9645
D McDonald	Nardus van der Walt	082 453 3600
Klein Helderkrui	Elize Coetzee	072 490 5402
Ons Huis	Middagdiens 16h45	Rein Coetzee

Gebedsleiding – deur Mieke Boshoff

Welgeluksalig is die wat sy getuïenisse bewaar, Hom van ganser harte soek; ook geen ongeregtigheid doen nie, maar in sy weë wandel.



U het u bevele gegee om dit trou te onderhou.

Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!

Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie.

Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer. (Psalm 119: 1 – 7)

Uiteindelik is ek self verantwoordelik.

Uiteindelik is u ook verantwoordelik.

Elkeen van ons. Hoe maklik kan ons nie ander blameer vir ons handelswyse nie? Ons sê dalk “Ek kon myself nie help nie, iemand moes hom op sy plek sit” of “Ek is net ’n mens, ek kan dit nie help nie.”

Geliefdes, as ’n mens ’n kind van God is, kan jy dit altyd help.

Die Heilige Gees is altyd daar om ons by te staan.

“HERE, ek roep U aan; kom tog gou na my toe; luister na my stem as ek U aanroep.

Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer. HERE, stel ’n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe. Neig my hart nie tot iets wat sleg is, om in goddeloosheid dinge te doen saam met manne wat ongeregtigheid werk nie; en laat my van hulle lekkernye nie eet nie. Laat die regverdige my met liefde slaan en my tugtig.”

(Ps. 141) Laat my gebed soos die gebed van Dawid opreg in my lewe. Staan my by om my naaste lief te hê en U met my hele hart en verstand te dien. Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan U op my bed dink, in die nagwake oor U peins. Want U was ’n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel. My siel is aan U verkleef; u regter hand ondersteun my. (Ps. 63)

Geniet die vakansie en kom veilig terug!

BORRELBEKKIES

Weet jy wat 'n geheim is? Dit is mos iets wat niemand weet nie. Veral as iemand weet waar 'n skat (iets wat kosbaar is) weggesteek is, vertel hy vir niemand nie. Indien enige iemand anders daarvan weet, mag hulle dit gaan steel. Het jy al die speletjie "Skattejag" gespeel? Dit is 'n speletjie waar jy baie leidrade kry en as jy die leidrade volg, kom jy by die skat uit. **In die Ou-Testament kry ons baie leidrade na die grootste Skat ooit.** Van hierdie duidelike leidrade is:

Die hoëpriester wat gereeld vir die volk offers moes bring.

Die tabernakel wat gewys het op God wat by sy volk is.

Die Wet wat ons nie kan nakom om reg voor God te wees nie.

Die voorhangsel (gordyn) in die tabernakel waarby geen mens behalwe die priester kon gaan nie.

Elke belofte wat God maak dat Hy ons God sal wees en ons sy kinders...

EN in die Nuwe-Testament kry ons die grootste Skat – Jesus Christus! Jesus Christus is die **volmaakte Hoëpriester** wat in ons plek aan die kruis die offer vir ons gebring het. **Die tabernakel** - ons kan nou enige tyd, enige dag, met vrymoeding in gebed na ons hemelse Vader gaan. **Die Wet** - ons word nou vrygespreek opgrond van wat Jesus vir ons gedoen het. Hy het die Wet vir ons vervul. **Die voorhangsel (gordyn)** - in Jesus Christus is God se geheim heeltemal oop. **Elke belofte** - dit is daar vir almal om dit te hoor. Vertel vir almal wat wil luister van die grootste Skat wat jy gevind het!

